HEBREERS 2:1,14-18 NGK MIEDERPARK 5/4/10
TEMA: MY VERLOSSER LEEF (Paassondag) Ds Okkie Cilliers

Elke kind van die Here sal hierdie aaklige werklikheid van die lewe bevestig: "ek kan nie!" Elkeen wat 'n ontmoeting met Jesus Christus gehad het, probeer sy lewe regkry en tot eer van Hom lewe. Maar helaas – dit werk nie! Of anders gesê: dit werk net somtyds. Dis veel eerder 'n lewe van val-en-opstaan, val-en-opstaan – 'n lewe van goeie voornemens en finale besluite wat geneem word… Net om later in skaamte te sit op presies dieselfde plek waar jy begin het: jy het geval en van jou goeie besluite het niks gekom nie.

Dan kom maak skuldgevoelens nes in jou lewe en dit broei gevaarlike dinge uit want jy weet jy het misluk. Jy het **God belowe** dat dit uit en gedaan is en dat dinge van nou af eerlik gaan verloop; met **jouself** het jy 'n ooreenkoms aangegaan dat jy die pad net reguit gaan loop omdat jy 'n nuwe mens is en **voor mense** het jy regtig probeer om die smal pad te loop. Maar daardie beloftes het nie lank gehou nie. Nou wonder jy wat jy nog moet doen om dinge reg te kry? In jou agterkop weet jy dat dit net iets drasties kan wees wat jou kan help, want jy het alles reeds probeer. Jy vertrou jouself nie meer nie omdat jy weet dat jy nie kan nie!

Saam met hierdie dinge kom die leuens en die ontkenning. Die dinge word weggesteek in die kaste van die lewe en jy maak asof jy alles onder beheer het. Niemand mag uitvind wat aan die gang is nie en die wat wel weet vermy jy en jy sukkel om hulle in die oë te kyk. Dis sulke tye dat goeie mense ander mense begin manipuleer om die wortel van die probleem weg te steek – die skuld word geprojekteer na ander mense en dinge ("die manier waarop jy groot gemaak is; ouers; die onveranderlikheid van die sonde; geleenthede wat verspeel is…"). Waar dinge wel uitkom maak jy dit af as "nie so erg nie" en dat dit wel onder beheer is. Maar diep binne jou weet jy dat jy jok en dat jy 'n dubbele lewe leef: een waar jy voor mense voorgee en die ander een waar jy alleen is… Jy veg teen dit wat jy weet waar is: JY IS 'n MISLUKKING WANT JY KAN NIE.

- In die proses probeer ons onsself verstaan en alles word onder 'n vergrootglas geplaas en ondersoek. En al wat jy te siene kry is dat Rom 7:19 aaklig waar is!

Hoe kom 'n mens uit hierdie val-en-opstaan? Is dit moontlik om die smal pad met oorwinning te loop? Die antwoord is 'n onomwonde "ja" want Jesus het uit die dood opgestaan en Hy leef. Maar daar is 'n paar dinge wat goed verstaan en verduidelik moet word. Een van hulle is dat jy hierdie kant van die graf nog deel is van 'n oorlog (tussen God en Satan) en dat die totale oorwinning eers kom met jou dood/Jesus se wederkoms. Om die reguit pad te loop te midde van die oorlog moet 'n mens 'n paar dinge in gedagte hou:

1. Hou op om te probeer om jou lewe reg te maak.

Want dis menslike pogings en krag wat altyd uitloop op mislukking. Doodeenvoudig omdat dit **menslik** is (en dit loop uit op die dood – Gal 6:6-8) en nie **Goddelik** nie. Ja, God se koninkryk word nie gebou deur menslike pogings, besluite en voornemens nie. 'n Lewe van oorwinning begin nie by jou wat jou lewe "regmaak" nie, maar by ander dinge (wat lank voor jou gebeur het) waarvan jy die implikasies baie goed moet begryp. Ons moet eers goed **verstaan wie Jesus is!** Hier word ook nie van blote kopkennis gepraat nie, want daarvan het ons baie en dinge wil nie regkom nie. Ons

begin by die verkeerde plek: ons wil ons lewens in die praktyk gaan regmaak sonder dat ons goed verstaan wie Jesus is en wat Hy kom doen het. Kom ons kyk daarna:

2. Hy word ‘n mens (vers 14).

Dis woorde wat ons al so baie gehoor het, maar die impak daarvan mis ons! Die krag van hierdie dinge gaan by ons as mense verby omdat ons mense is: God word ‘n mens; ‘n gewone ou wat gewone dinge tussen mense kom doen het. (Dis so moeilik om dit te verstaan dat die kerk al in hoeveel faksies geskeur het hieroor; die geleerde professor by die universiteit maak dit af as ‘n mite…) Dis onverklaarbaar en bonatuurlik. Die metode waarvolgens dit gebeur het is nie vir ons as mense gegee om te verstaan nie – dit het net gebeur. Maar die **doel** waarom dit gebeur het word kort en bondig gestel: “<u>om die sondes te versoen</u>” (vers 14). Die **manier** waarop hierdie versoening gekom het, word veral in Heb 9 genoem: deur “bloed”.

3. Hoekom bloed?

Want die dag toe die mens sy rug op God gedraai het en die sonde ‘n kloof tussen God en mens veroorsaak het, het die mens sy **lewe** verloor. En lewe moet daarvoor betaal. Dis waar die bloed inkom; dis immers die simbool van lewe – wie dit het lewe en wie dit nie het nie het nie die lewe nie.

Dis wat God wou straf – ‘n lewe vir ‘n lewe. Die mens moet met sy eie bloed (sy eie lewe) betaal vir sy sonde. Toe God sy vuis bal om jou te slaan het Jesus daardie Goeie Vrydag op Golgotha reg voor jou gaan staan en God het Hom in jou plek geslaan – al God se woede is daardie dag uitgeslaan en afgekoel in Jesus se bloed. Een wat mens is (maar ook God is) se bloed het vir almal geloop – eens en vir altyd. Daar is geen offer wat ooit weer onder enige situasie gebring hoef te word nie – die sonde is betaal! Kyk goed na 9:12-14

4. Hoekom het Hy dit gedoen?

(a) Ek weet nie. As ek die ding reg verstaan het Hy dit gedoen omdat ons “vlees en bloed” is – ‘n mens met verskriklike tekortkominge en gebreke (vers 14). God begryp dat ons nie die een of ander superwese is wat alles reg en korrek kan doen nie! Hy verstaan dat ons deel van hierdie oorlog is en meestal nie herwaarts of derwaarts weet nie – toe word Hy ‘n mens om ons beter te verstaan (menslik gesê!!) en die pad vir ons aan te dui (vers 10 noem Hom juis ons Leidsman – die een wat die spore trap sodat ons kan volg!) Ja, elke kind van die Here is vir Hom ongelooflik belangrik omdat dit sy kerk is waarvan hier gepraat word – vers 16 noem ons inderdaad Abraham se nageslag: sy kerk met wie Hy ‘n kontrak/verbond gesluit en Hy sal hulle nooit as te nimmer alleen aan hul eie lot oorlaat nie!!

(b) Hy het dit gedoen om “versoek te word” (vers 18). As ons dit verstaan is ‘n groot deel van ons gesukkel verby: Jesus moes in “elke opsig aan sy broers gelyk word” (vers 17) sodat ons staande kan bly (vers 18)! Jesus het in en aan Sy liggaam elke sonde en versoeking wat jy beleef, ook beleef!!Let daarop: **ELKE SONDE**. Maar die verskil is net dat Hy nie toegegee het aan hierdie dinge nie en staande gebly het! Dit het geweldige implikasies:

- Watter sonde en versoekinge kry jou onder?
- Jou Koning het presies dieselfde dinge beleef. Gal 2:20 leer ons dat daardie Jesus wat oorwinning behaal het nou in jou leef na Sy opstanding! Jy kan staande bly omdat Hy staande gebly het. Ek hoef nie te probeer nie – Hy doen Sy eie werk in my!

(c) Maar ook hier eindig dit nie! Hy bevry ons van slawerny omdat die Satan

vernietig is met sy opstanding (verse 14b-15).Ja, met sy dood die Vrydag het Jesus die domein van die Satan (die dood) binnegaan en die Satan het geglo dat hy gewen het. Maar 3 dae later het Jesus opgestaan en daarmee die hele koninkryk van die hel oopgeruk en sy kerk verlos! **Ons is verlos want Jesus leef** (1 Joh 3:8). Maar om die een of ander rede wil kinders van die Here dit nie verstaan nie en ons het allerhande voorbehoude en dink dat ons nog iets moet doen om uit Satan se kloue te kom. Nee! Die satan het sy houvas op gelowiges verloor (ook Kol 2:15) en ek hoef die Satan nie te beveg nie. Ek kan dit in elk geval nie doen nie omdat ek net ‘n mens is – al wat ek nou hoef te doen is om in Jesus se bloed te staan, te onthou Hy het opgestaan en God toe te laat om my te beheer en sy dinge in my te doen. Die Here self het die Satan verslaan en wat ek nou moet doen is om hom *te weerstaan* en nie te beveg nie(1 Pet 5:8). Dit het ook enorme implikasies:

- Watter kettings is daar waarmee die Satan jou vasbind en jy glo dat jy nie daaruit kan kom nie?
- Moenie sy leuens glo nie. As jy nie daaruit kan loskom nie, het Jesus verniet uit die dood opgestaan. Hy het nie verniet deur die dood gegaan nie – Hy het jou”bevry” van die kettings van die hel! Daarom kan jy vandag breek met sulke bande: losbandigheid, leuens, verslawing… (Kyk maar na die dinge van Gal 5:17-19.)
- Ja, ek is vry van die sonde en die mag van die sonde! Kyk baie goed na Rom 6:5-12.

5. Verstaan ons wat Jesus vir ons kom doen het?!

Dit lyk nie so nie, want ons hoor hierdie dinge maar gee ‘n sug van beswaardheid en hoop dat dit tog vir ons kon werk! Kyk hoe word dit verder verduidelik:

(a) Hy is “barmhartig” (vers 17). Hy het ‘n passie vir jou en sy hart is vol liefde vir sy kinders! God se hart is nie hard soos klip nie en jy hoef nie voor dooiemansdeur om te draai omdat daar nie antwoord is as jy klop nie. In Mat 11:28 nooi Hy die wat moeg en oorlaai is om rus by Hom te kom kry! In Mat 7:7 beloof Hy dat Hy sal oopmaak as jy klop! In Jes 55:7 sê die Here hoe sag sy hart is: Hy sal jou altyd weer vergewe! Hy is nie van plan om jou weg te jaag nie! Hoe kan Hy? Die prys wat vir jou betaal is in Jesus se bloed en die krag van Sy opstanding was gans te kosbaar en te duur om dit maar net te ignoreer. (Vgl ook Hosea 11:8-9.)

Ook dit het geweldige implikasies:

- As jy jou troos gaan soek het in winkelvensters, as jy jou vriende klaar gebel het, as jou harsteer klaar vertel is… Die Here is daar!
- As jou vriende jou gelos het, as jou laaste tjek gehop het en die lewe nog bitterder raak; as jou verhoudings skeef geloop het… Al kies jy Hom heel laaste, Hy is hier want Hy is barmhartig! Hou op hardloop en skarrel, moenie moed verloor en gaan lê nie – die Here wil jou in sy arms toemaak.

(b) Hy is ‘n “getroue Hoëpriester” (vers 17). Die <u>priester</u> is die een wat vir die volk moes offer en by God vir die mense moes gaan intree. Hy moes dit jaar-in-en-jaar-uit doen, oor en oor vir die mense en vir homself. Jesus het gekom as die Priester wat dit een keer en finaal gedoen het omdat Hy dit met sy liggaam en bloed gedoen het. Geen offer is ooit weer nodig nie (hoofstuk 9-10 handel in detail hieroor) want God is tevrede gestel.

Daarom word Hy “<u>getrou</u>” genoem. Hy gaan nie terug op sy woord nie, Hy herroep nie een van sy beloftes nie, sy genade hou nooit op nie. Soos wat Hy gister was, is Hy vandag en sal Hy tot in alle ewigheid wees (13:8). Ook dit het groot implikasies:

- Sy bloed en die krag van Sy opstanding herroep Hy nooit oor sy kinders nie. Dit gaan teen die mens wat met sonde sukkel se grein in en hy kan dit nie verstaan nie. Maar Jesus Christus is getrou want Hy werk met genade en Hy tree nou in as ***borg*** vir sy kinders wat nie kan betaal nie (7:22).
- Dit is ‘n enorme bron van krag! Omdat Hy opgestaan het staan ek op en loop die pad van oorwinning saam met Hom! Ek hoef God tog nie iewers te beïndruk om weer in sy goeie boeke te kom nie. As ek val breek ek die Vaderhart van God in stukke en ek maak die genade van my Verlosser goedkoop – daarom mag ek nie daar bly nie. My Verlosser is getrou en ek MOET en KAN opstaan en oorwinnend saam met Hom leef. Want Hy leef nou in my deur sy Gees en Hy tree nou vir my in by die Vader.

Onverstaanbaar – maar hoe heerlik is die genade van die Here!!

6. Hoe kom ‘n mens uit hierdie lewe van val-en-opstaan?

Al hierdie goed moet in my hart gebêre wees – ek moet weet dat ek weet dat Jesus my Verlosser is en al hierdie dinge wat gedoen is, is **spesiaal vir my gedoen: dis MYNE!** Dan eers gaan dit oor in ‘n lewenswyse – dan is dit nie meer ek wat dinge probeer nie maar God wat sy eie werk in my kom doen en voltooi. In plaas van menslike pogintjies wat tot niks lei nie, is dit die lewende God wat sy hande onder my inskuif en my in sy rigting lei.

Daarom het oorwinning ook ‘n eg menslike kant: ek moet hierdie dinge wat Jesus gedoen het deel van my lewe maak. Die harde werklikheid van God se genade moet harde werklikheid in my elke dag se lewe word. Daarom dat verse 1 sê dat ons hierdie dinge “kragtig moet vasgryp”. Hier is nie plek vir emosionele argumente en verskonings nie – God se dade moet my dade word! Ook dit het implikasies:

- Vers 3 sê dat iemand wat dit nie doen nie, verlore is.
- Wat keer dat jy God se genade “kragtig vasgryp”? Dit moet onmiddelik gelaat word en jy mag dit nooit weer doen nie! In die woorde van 1 Joh 1:9 moet dit **bely** word:
  Erken dit, aanvaar vergifnis en breek daarmee.
- As jy sê jy kan dit nie doen nie, jok jy want jy wil nie – en die waarheid is ook nie in jou nie (1 Joh 3:7-8)
- Leef met net een doel voor oë: Jesus Christus is in my en Sy dinge is myne! Ek hoef nie en ek gaan ook nie met die gesukkel en selfs tweedebeste tevrede wees nie.

Dit het tyd geword vir keuses in die lewe: keuses om klaar te maak met die dinge van die dood en keuses om te leef met Christus wat opgestaan het en in my leef!

Jesus Christus het alles gedoen. In Hom kan ek staande bly en ‘n lewe leef tot sy eer. Kyk goed na Fil 4:13.

Amen.